

# **MONTE CHRISTO EKOLANDGOED**

## **GEDRAGSREëLS VIR EIENDOMSAGENTE**



## **1. DOEL**

Hierdie gedragsreëls is noodsaaklik om ordelikheid en eenvormigheid in die bemaking van eiendomme in Monte Christo Eko Landgoed (MCEL) binne die raamwerk van die bestaande gedragsreëls vir eienaars en inwoners en sekuriteitsmaatreëls te verseker.

## **2. SEKURITEIT**

- 2.1 Dit is 'n vereiste dat alle Eiendomsagente, en hul kliënte die toegangsbeheermaatreëls, soos bepaal deur die Monte Christo Eko Landgoed Huiseinvaardersvereniging (MCELHEV) nakom.
- 2.2 Dit is die eiendomsagent se plig om die kliënt by die landgoed uit te vergesel. Dit sal verhoed dat kliënte op hul eie in die landgoed rond beweeg wat 'n sekuriteits risiko kan skep.
- 2.3 Eiendomsagente se voertuie moet voorsien wees van sigbare identifikasie van die agentskap.

## **3. REGISTRASIEVEREISTES**

Die volgende dokumente word vir die registrasie van die Eiendomsagent benodig:

- 3.1 'n skrywe van die "Agente Prinsipaal" dat die betrokke agent wel indiens van die agentskap is;
- 3.2 Bewyse van die Agente se Eiendomsraadregistrasie sertifikaat, en,
- 3.3 Afskrif van ID dokument/kaart

## **4 TOEGANGSTYE**

Die normale toegangstye vir bemakingsdoeleindes is daaglik vanaf **07:00** tot **19:00**, Saterdag en Sondag ingesluit. Indien dit nodig sou wees dat Eiendomsagente kliënte buite hierdie tye besoek moet daar vooraf, per e-pos, goedkeuring van die Landgoedbestuurder verkry word sodat die sekuriteitspersoneel van die reeling verwittig kan word.

## **5 NIE-NAKOMING VAN GEDRAGSREËLS**

- 5.1 Enige nie-nakoming van die bogemelde gedragsreëls sal onder die aandag van die betrokke agentskap se Prinsipaal gebring word vir verdere aandag.

- 5.2 Die Bestuurskomitee behou die reg voor om versoeke van agente wat hulleself skuldig maak aan die nie-nakoming van hierdie gedragsreëls, toegang te weier.

*Goedgekeur deur die Bestuurskomitee van die Monte Christo Ekolandgoed Vereniging op 12 Maart 2019.*

**- EINDE -**